SA JAGTERS- EN WILDBEWARINGSVERENIGING
SA HUNTERS & GAME CONSERVATION ASSOCIATION
Tel: +27 (0) 12 808-9300 • Faks / Fax: +27 (0) 12 808-9344 • E-pos / E-mail: admin@sahunt.co.za • Posbus / PO Box 1952 Montana Park, Pretoria, South Africa, 0159

# (JA01) JUNIORS (ONDER 9 JAAR) VEERLUGGEWEER SKIETOEFENING

**1) Inleiding**

Die doel van hierdie skietoefening is om aan Juniors jonger as 9 jaar oud die geleentheid te bied om op ’n gestruktureerde basis aan ’n skietoefening binne die SAJWV deel te neem en op gelyke basis teen mekaar mee te ding. Veilige wapenhantering en basiese skietposisies word beklemtoon in die skietoefening.

**2) Ouderdom**

Om te kwalifiseer as ’n Junior (onder 9 jaar) moet die junior op 1 Januarie nog nie 9 jaar oud wees nie. So ’n persoon kan dan vir die res van die betrokke jaar deelneem aan die junior (onder 9 jaar) skietoefening.

**3) Aftand**

10m, 15m

**4) Skietbaan veiligheidsreëls en Standaardbevele**

Sien “Skietbaan veiligheidsreëls vir Deelnemers” en “Standaardbevele op die skietbaan” – dokument: J006.35.01A - vir laai, ontlaai en veiligheidsprosedures.

**5) Gewere en kalibers**

Vir hierdie skietoefening word sleg veer (“spring”) luggeweer tot ’n maksimum van .177 kaliber toegelaat.

**6) Visiere of teleskope**

Geen beperking op visiere of teleskope nie.

**7) Unieke veiligheidsmaatreëls**

.177 kaliber Luggewere is nie vuurwapens nie, maar kan ernstige beserings veroorsaak en moet te alle tye veilig hanteer word net soos vuurwapens. Hierdie skietoefeninge moet gebruik word om juniors die algemene reëls vir vuurwapenveiligheid, aan te leer.
Die ondersteunende hand mag die kolf onder die skiet arm stabiliseer vir veiligheidsdoeleindes.

Slegs een helper per skut. Helper mag help laai.

Na proef skote afgehandel is mag daar geen kommunikasie geskiet tussen helper, skut en baanoffisier nie. Helper is slegs vir bystand doeleides aan junior skut. Helper is onderhewig aan baan reëls.

**8) Oefening**

**8.1 Ondersteuning:** Die juniors gebruik skietstokke volgens item 3.2 van die Universele Reëls by skietoefeninge vir ondersteuning en geen ander vorm of wyse van ondersteuning word toegelaat nie.

**8.2 Tydsbeperking: 5 minute per oefening van 5 skote vir ’n totaal van 15 skote**

**8.2.1** Nadat skietpunt opgestel is kry skuts 5 minute vanaf 15m om ‘n aantal onbepaalde proewe te skiet en wapens te bevestig. Na afloop van proefskoete bevestig baanoffisier dat geen dwaal skote op tel digramme geskiet was nie, indien wel moet die gekanseleer word.

**8.2.2** Indien ‘n skut proefskote wil skiet wanneer die afstande verander, staan dit hom/haar vry, maar geen ekstra tyd sal daarvoor toegelaat word nie.

**8.3 Skietoefeninge**

**a.** Vanaf **15 meter** word **5 skote** geskiet vanuit die sitposisie met beperkte ondersteuning slegs voor **herhaal die oefening tweemaal** vir ’n totaal van 10 skote op die afstand.

**b.** Vanaf **10 meter** word **5 skote** geskiet vanuit die staanposisie met beperkte ondersteuning slegs voor .

**9) Erkenning**

Skietbalkies met onderste afsnypunte van onderskeidelik brons, silwer en goud: **90, 105** en **120** is beskikbaar vir die skietoefening met ʼn maksimum puntetelling van **150**.

**10) Teiken**

Die teiken is die S03 teiken en is by die SAJWV Jagterswinkel beskikbaar. <u>Ware teiken grootte A3 (29.5cm x 42cm)</u>




Voorbeeld




**(A)** ʼn Skoot wat buite die tel-area van ʼn diagram val, kry ʼn nul telling.

**(B)** Waar die koeëlgat aan ʼn lyn raak sal die hoër waarde aan die skoot toegeken word. [6]

**(C)** Indien daar meer as vyf skote per tel-diagram geskiet is, word die skut met die hoogste tellers gepenaliseer vir die aantal skote te veel op die diagram.

**(D)** Die totale telling wat behaal kan word, is 150. Proefskote word links bo en regs bo geskiet op die diagramme voorsien